education

Department of Education
FREE STATE PROVINCE

GRAAD 5

NATUURWETENSKAPPE EN TEGNOLOGIE

NOVEMBER 2024

TYD: 1½ uur

PUNTE: 50

NAAM EN VAN	
KLAS	
SKOOL	
PUNTE VERKRY	**/50**

INSTRUKSIES EN INLIGTING:

1. Die vraestel bestaan uit 9 bladsye, 2 afdelings en 7 vrae.
    - **AFDELING A: 15**
    - **AFDELING B: 35**
2. Lees al die instruksies voordat jy die vrae beantwoord.
3. **ALLE** vrae moet op hierdie vraestel beantwoord word op die spasies wat voorsien word.
4. Skryf netjies en leesbaar.
5. Skryf jou naam, van en klas in die spasies wat op die voorblad voorsien is.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1: MEERVULDIGEKEUSEVRAE

Vier opsies word verskaf as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Elke vraag het net EEN korrekte antwoord. Omkring die letter wat die vraag die beste beantwoord.

1.1. Sanderige grond bestaan hoofsaaklik uit …

A. humus.
B. fyn korrels gebreekte rots.
C. ‘n mengsel van leem en klei.
D. growwe korrels gebreekte gesteentes. (1)

1.2 Liggaamsfossiele is ...

A. bewaarde tekens van diere, soos voetspore.
B. fossiele van plante.
C. harde dele van die liggaam wat fossiele vorm.
D. fossiele van menslike liggame. (1)

1.3. Die insetenergie van 'n elektriese gloeilamp is …

A. elektrisiteit.
B. lig.
C. hitte.
D. klank. (1)

1.4. Wat is nodig om brandstof te verbrand?

A. 'n vuurhoutjie en hitte
B. hout en vuurhoutjies
C. hitte en lug (suurstof)
D. hitte en hout (1)

1.5. Wat gebeur met 'n rekkie as dit gestrek word?

A. Dit word korter.
B. Dit word langer.
C. Dit bly dieselfde grootte.
D. Dit word gedraai. (1)

[5]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Gebruik die volgende woorde om die sinne hieronder te voltooi:

gestrek		beweging
vinnig	saampers	rek

2.1 _____ bande en vere kan gebruik word om dinge te beweeg. Voordat hulle dinge kan verskuif, moet hulle óf gedraai óf **2.2** _____ wees. Ons stoor energie in 'n veer wanneer ons dit **2.3** _____. Wanneer 'n rekkie of veer vrygestel word, verander die gestoorde energie in

2.4 _____ energie. 'n Elastiese materiaal keer

2.5 _____ na sy oorspronklike vorm toe terug.

[5]

VRAAG 3

Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die korrekte woord/term onder die beskrywing by 3.1 – 3.5

3.1. Die oorblyfsels van antieke lewende dinge wat in 'n rots bewaar word.

_____ (1)

3.2. Beskerm teen skade of vernietiging.

_____ (1)

3.3. Twee of meer dele werk saam om 'n funksie te verrig.

_____ (1)

3.4. 'n Stelsel wat elektriese energie oordra na waar dit nodig is.

_____ (1)

3.5. 'n Afsettingsgesteente wat in geboue gebruik word.

_____ (1)

[5]


TOTAAL AFDELING A: _____[15]

AFDELING B:

VRAAG 4:

4.1. Kyk na die verbrandingsdriehoek hieronder en verskaf die byskrifte vir die skets. (3)

4.1.1



4.1.2

4.1.3

4.2. Jou vriend kook met warm olie op die stoof. Die olie slaan aan die brand. Stel 'n manier om die vuur te blus voor en gee redes waarom dit sal werk. (3)

_____

_____

_____

4.3. Hoe kan ons brandstof veilig verbrand? (2)

_____

_____

_____

[8]

VRAAG 5:

Die volgende prentjie toon verskillende toestelle wat elektrisiteit gebruik.



5.1. Wat dink jy is die bron vir die energie vir die toestelle in bogenoemde prent? Verduidelik hoekom jy so sê. (2)

_____

_____

5.2. Beskryf 'n elektriese stroombaan. (1)

_____

_____

5.3. Watter tipe energie bevat batterye? (1)

_____

5.4. Hoe kom elektrisiteit van 'n kragstasie af na waar dit nodig is in jou huis? (4)

_____

_____

_____

_____

[8]

VRAAG 6:

Die prentjie van 'n motorhuisdeur hieronder is 'n voorbeeld wat saamgeperste vere gebruik.

6.1 Verduidelik hoe die motorhuisdeur die saamgeperste veer gebruik om te beweeg. (4)



_____

_____


_____

_____

[4]

VRAAG 7:

7.1. Bestudeer die skets van die Aarde, sy as en die Son. Beantwoord dan die vrae op die volgende bladsy:



7.1.1 Hoe lank neem dit die Aarde om ‘n volle rotasie te voltooi? (1)

_____

7.1.2 Wat is die resultaat van hierdie rotasie wat ons op die Aarde beleef? (1)

_____

7.1.3 Behalwe vir die rotasie van die Aarde om sy eie as, beweeg die Aarde ook om die Son. Hoe lank neem dit die Aarde om een keer om die Son te wentel? (1)

_____

7.2. Die graad 5-leerders het 'n ondersoek gedoen om uit te vind watter grondtipe meer water behou.

Hulle stel die grond op soos gesien in die prentjie hieronder: In tregter A sal die grondmonster van die water het ingegooi is behou. In tregter B sal die ander grondmonster ook van die water wat ingegooi word, behou. Maar sal hulle dieselfde hoeveelheid water behou?



7.2.1 Wat sal jy doen om te verseker dat hierdie ‘n regverdige ondersoek is? (2)

_____


_____

7.2.2 Wat kan ‘n moontlike uitkoms (resultaat) vir hierdie ondersoek wees gebaseer op jou kennis van grondtipes? (2)

_____

_____

7.3 Die diagram hieronder toon die vorming van afsettingsgesteentes aan.



7.3.1 Uit die bostaande diagram, watter een is die oudste afsetting? (1)

_____

7.3.2 Verduidelik hoe afsettingsgesteentes gevorm word? (3)

_____

_____

_____

7.4 Beantwoord die volgende vrae:

7.4.1 Versteende hout brand nie. Wat is die rede? (1)

_____

_____

7.4.2 Noem twee hooftipes fossiele. (2)

_____

_____

7.4.3 Hoekom is fossiele so belangrik? (1)

_____

_____

[15]

TOTAAL AFDELING B: [35]

GROOT TOTAAL: [50]